

8 Oktober

Skrifgedeelte: Eksodus 16:1-21
Fokusgedeelte: Eksodus 16:15(b)

Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet

Sedert hulle uittog uit Egipte is die Israeliete 'n maand lank op pad. Die kos wat hulle uit Egipte saamgeneem het is nou op. As hulle nou in die onherbergsame Sinwoestyn kom, murmureer die volk vir die derde keer (vgl. Eks 14:11 en 15:24), maar hierdie keer is dit 'n sondiger murmuring as tevore, omdat hulle doelbewus terugverlang na Egipte.

God is egter genadig! Dieselfde aand nog gee die Here vir hulle kwartels as vleis. Na 'n uitputtende vlug oor die see kom die voëls in die kamp van die Israeliete sit en kon hulle maklik gevang word. God gee ook brood – direk uit die hemel! Dit word *manna* genoem (uit die Hebreeuse woord *man hoe*, wat beteken “wat is dit?”). So het die Here hulle versorg totdat hulle in Kanaän ingetrek het.

Soos die Here die Israeliete versorg het, só versorg Hy ons ook met die kwartels en die manna van sy genade. Natuurlik val ons brood nie direk uit die hemel soos vir die Israeliete nie. O nee! Ons moet biddend daarvoor werk en werkend daarvoor bid, met die woorde van die Onse Vader in ons hart: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Nooit, nooit sal die Here ons verleë laat staan nie!

Sing: Psalm 104:17, 18

Dr. CJ Malan (Emeritus)